



# 31 Oordenkings

Lees. Reflekteer. Doen..



Faith Ablaze International Ministries

Afrikaanse Oordenkings

Outeur: Rev. Dr. Rachel Rajagopal

Vertaler: Sonja Denton



English Bible Version: English Standard Version

©2020 Faith Ablaze International Ministries

***All rights reserved. No part of this book may be reproduced or modified in any form, including photocopying, recording, or by any information storage and retrieval system, without permission in writing***



## Dag 1 - Daaglikse Pinkster [Handelinge 2:1- 4]

Wat 'n geseënde dag is die; vernaamlik vandag! Mag God ons nuwe krag gee om op te staan en te skyn vir Hom. Vandag is baie spesiaal omrede ons begin het met **Onbeskaamd om aan U te behoort!** Hierdie is 'n spesiale reeks van 31 oordenkings wat vertaal is in verskeie tale.

Ek onthou hoe God se Heilige Gees oor my gekom het en ek kon God se teenwoordigheid in my kamer aanvoel. In 1996, was ek op reis na Oos Malasia om te gaan help by die Iban Metodiste Kerk se jeug groep in 'n plek genaamd Kapit. Ek kon nie verstaan waarom God my daar wou hê nie, so ek het gedurende my vlug aanhoudend gebid en myself bereidwillig verklaar om aan God gehoorsaam te wees in wat ookal Hy as opdrag aan my gaan gee.

Twee duisend plus jaar gelede, het die Heilige Gees gearriveer terwyl 'n groep Joodse gelowiges saam vergader het in 'n kamer in eenheid, om aan God gehoorsaam te wees. Net voordat die Here Jesus opgeneem was in die Hemele, het Hy aan daardie groep gelowiges wat in daardie kamer vergader het gesê om op die Heilige Gees te wag. Hul gehoorsaamheid en eenheid gedurende hul wag het vir hul ongekende resultaat gegee! In die Boek van Handelinge, het die dokter, Lukas geskryf in Hoofstuk 2:

1. Toe die Dag van Pinkster gearriveer het, was hul almal saam in een plek.
2. En skielik het daar 'n klank van die Hemel gekom wat soos 'n magtige storm wind geklink het, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
3. En verdeelde tonge asof van vuur het aan hul verskyn en op elkeen gaan rus.
4. En hul was almal gevul met die Heilge Gees en het begin spreek in ander tale soos die Gees aan hul spraak gegee het.

Hul wag was nie te vergeefs nie. Toe die Heilge Gees gearriveer het, was die hele huis gevul! Hierdie groep wat so pas hul leier verloor het en geen visie gehad het nie, was daaraan herhinner dat **God hul leier is.**

In hierdie dae, is ons wat geloof het in die Here Jesus, ook in afwagting op 'n ontwaking of herlewing. Die hele wêreld het so pas die 'pandemie' ondervind en die meeste van ons verstaan die gevolge van 'inperking'.



Ons is meegedeel en ons verstaan dat dinge nooit weer die selfde kan wees nie. Ons sal dit moet hanteer en ook veranderinge aan bring aan hoe ons werk, en hoe ons te werk gaan selfs ook hoe ons mekaar dien. Wanneer daar 'n krisis is, is verandering onvermydelik.

Op die selfde manier, was die dissipels van Christus ook in 'n tipe krisis. Hulle was in 'n inperking vir vyftig dae na Sy Opstanding. Hul was 'n opdrag gegee deur die Here Jesus, om te wag op die Heilige Gees. Verandering was onvermydelik vir hulle ook, veral omdat hul baie tyd spandeer het in hul soeke na die aangesig van God.

Toe die Pinkster ondervinding gebeur het met die dissipels van Jesus, het daar 'n paar drastiese maar goeie veranderinge plaas gevind:

1. Hul was gemobiliseer om die Evangelie te verkondig.
2. Hul was honger vir die Woord van God.
3. Hulle het duisende mense gesien wat tot redding gekom het in Christus.
4. Hul vrygewigheid het toe geneem.
5. Hul het tekens en wonders gedoen.

Gaan gerus voort en lees die volle hoofstuk van die Boek van Handeling 2 om meer vir jouself te ontdek.

Onthou my reis om te dien by die Iban Metodiste Kerk se jeug groep in Kapit? Wel, my gehoorsaamheid aan God se stem het daartoe gelei dat ek by 15 jeugdige en jong volwassene kon aansluit om 'n 1000 of meer aanbidders oor die daaropvolgende sewe dae vanaf 9 uur in die more tot 10 uur in die aand te kon bedien.

Dit was ook die eerste keer vir my om op Opstanding Herdenkings dag die boodskap aan die hele gemeente te kon bring. God het 'n plan wanneer Hy vir ons sê om op die Heilige Gees te wag want Hy wil hê dat ons moet steun op Sy Krag, Sy Liefde, Sy Vreugde, Sy Vrede en op Sy spesifieke Boodskap voordat hy ons uit stuur. Pinkster Dag kan 'n daaglikse ondervinding wees!

Kom na die Here Jesus toe in bekering.

Kom na die Here Jesus en ontvang 'n vars Pinkster ervaring.

Kom na die Here Jesus wetende dat jy en jou familie nooit weer die selfde sal wees nie.



**Uitdaging:** Jy is gemerk vir 'n tyd soos die! Wat het jy nodig om te doen sodat jy ook elke dag die Pinkster ervaring kan ondervind?

**Gebed:**

Hemelse Vader, ek ontvang die Gees van die Here Jesus Christus sodat ek kan wees soos die Here Jesus Christus en ander kan dien met U Liefde, Vrede en Vreugde. Salf my lippe om U magtige Boodskap uit te kan dra, sodat 'n menigte die Lewende God sal ken wat bekwaam is om hul vry te maak van sonde en die ewige dood. In die Naam van die Here Jesus Christus, Amen.



## Dag 2 - Roep die Sovereine God aan [Jesaja 55:6-9]

Selfs te minde van onsekerheid, is een ding seker - God is naby. Ons lewe nou in onsekerheid en moeilik tye. Miljoene het hul werke verloor; sommige ouers kan nie skool gelde vir hul kinders bekostig nie. Nie alle regerings oor die wêreld help hul eie mense of immigrant werkers om hierdie krisis te oorleef nie.

In Jesaja 55: 6 - 9, verklaar die profeet,

6. "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.
7. "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldig.
8. "Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here.
9. "Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.

Vandag se lesing verklaar dat God naby is en daarom, kan ons Hom aanroep. Ons het nie nodig om te gil en skreeu nie. God is naby. Hy hoor vir jou en my. Aanhoudend nooi God almal uit om ons goddelose weë te verlaat en na Hom terug te keer. Daar is 'n belofte dat God almal sal vergewe wat weg draai van ongeregtigheid en sal hardloop na geregtigheid. God se ontferming vir Sy mense is oneindig groot en Hy sal Sy mense vergewe en verlos. Wie kan hul indink die weë en die gedagtes van God?

Somtyds, word ons eie ek die middel-punt, en ons dink dat ons baie weet, dalk baie meer as 'n ander persoon. In Jesaja 55: 6 - 9, herinner God ons daaraan dat Sy weë en gedagtes bo natuurlik is. Hul is ver bo ons menslike begrip.

Die enigste moontlike manier om in God se weë en gedagtes te wandel en om 'n goeie lewe te leef in Godvresende geregtigheid, is met die hulp van die Heilige Gees. Die Heilige Gees ken die gedagte van God; so ook kan ons. As ons afhanklik is van die hulp van die Heilige Gees en nie ons verhoudig verwaarloos met Christus wat gesterf het op die kruis as plaasvervanger sodat ons met die Hemelse Vader kan versoen kan wees.



Dank aan God vir Sy vermenigvuldige vergifnis aan ons as ons, ons sondes bely en ons bekeer van ons goddelose, selfsugtige weë en gedagtes.

**Uitdaging:** In hierdie moeilike tye, wat het jy ontdek van God se hoër weë? Hoe was jou lewe verryk gedurende hierdie krisis? Het jy iets nuuts geleer van en vir jouself?

**Gebed:**

Almagtige God, ek het U Heilige Gees nodig om in lyn te bly met Godvresende gedagtes en weë. Laat U Gees my spoedige prik wanneer ek strompel en struikel of wanneer ek uit ritme is met U leiding. Ek begeer om meer te leer van die Here Jesus en ook die nuwe dinge wat Hy my wil leer deur Sy Heilige Gees. In die Naam van ons Here Jesus Christus, Amen.

Die blydschap van die Here Jesus Christus is vandag oor jou!  
In hierdie "**Onbeskaamd om aan U te behoort!**" oordenking, ek het gepraat oor die gedeelte deur drie kort video's wat in die FAIM 4CHRIST YouTube-kanaal gevind kan word. Besoek ons gerus daar.



## Dag 3 - God se Planne word Bereik deur God se Woord [Jesaja 55:10-11]

God se genade is nuut elke oggend!

Het jy al ooit God se Waarheid betwyfel? Ek weet dat ek het. Somtyds is ons net nie in staat om Sy Beloftes in die Woord glo nie. As ons almal sou sê dat ons definitief, verseker en ongetwyfeld God se Waarheid glo, sou die liggaam van Christus in 'n baie beter plek gewees het. Die Kerk sou dan nie kreupel geloop het in die wêreld nie, maar sou dan met God se krag gehardloop het en ander sou kon aanskou die skoonheid van God se spoedige werk.

Die profeet Jesaja het geskryf in hoofstuk 55,

10 Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter,

11 so sal my Woord wees wat uit My mond uitgaan:dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Tot die reën en die sneeu het 'n doel, hulle sal die aarde bevogtig met water en sal veroorsaak dat die sade uitspruit en bloeiesels bot. Mag ons die skoonheid van die aarde met al die kleure gedurende lente geniet en mag ons ook daaraan herhinder word dat selfs die reën en die sneeu 'n doel het.

Die Woord kom uit God se eie asem uit om die doel te bewerkstellig om die mens weer met God te versoen. God se Woord sal nooit leeg en nietig terugkeer nie. God se Woord sal deur die hulp van die Heilige Gees, ons harte laat ontvlam met Sy Ewige Waarheid. God se Woord sal Sy doel en plan bewerkstellig - dit sal ons vry maak!

Jesus van Nasaret, die einste Woord van God, se oogmerk was om God te behaag. Wanneer ons die Here Jesus verwelkom deur ons geloof in Hom alleenlik plaas, bewerkstellig Hy die doel om ons vry te maak van die ewige hel. Die sukses van God in jou lewe in ondergeskik aan die Woord van God in jou lewe. Haal asem deur Sy Woord, gehoorsaam dit, leef dit en deel dit.





**Uitdaging:** Sal jy die Woord van God toelaat om jou vry te maak van die gevangenskap van sonde?

**Gebed:**

God, ek begeer om ten volle en vry te wees van die gevangenskap van sonde en vrees. Ek begeer dat U Ewige Woord my gedagtes en my hart sal vul. Mag my lewe vandag aan U God glorie bring. In die Naam van Jesus Christus, Amen.



## Dag 4 - Nederigheid Bereik Heiligheid [Jesaja 57:15]

Jesaja 57: 15 verklaar;

Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is Sy Naam: “Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryselfdes.

Wanneer ons die koerante lees, sien ons talle handeling wat die wonderlike lewe wat God aan ons gegee het, verlaag en vernietig. Babas word geaborteer, vrouens word verkrag en vermoor, dorpië word uitgewis deur die handeling van terroriste en so voorts...Somtyds as ons al die warboel en onheilige dinge sien gebeur rondom ons, dink ek hardop: Het ons dan meer trots geword as Die Heilige God en al hoe minder omgee vir ons lewens? Het ons die gawe van lewe verdruk en dit in die vuilgoed emmer uitgegooi?

Die profeet Jesaja herhinder ons daaraan dat Die Heilige God woonagtig is by die wat nederig en verbryselfd is. In hierdie hoofstuk sien ons nie net dat God se eienskappe heilig is nie, maar dat Sy Naam Heilig is. God reik uit in Sy Almagtige Heiligheid na diegene wat nederig en berouvol is voor Hom.

God woon in die hoë en heilige plek - dit is die plek van danksegging, lofprysing en aanbidding. Dit is die plek van gebed, gemeenskap en diensbaarheid. Maar wanneer God 'n nederige en berouvolle hart sien, reik Hy uit en rig en wek ons weer op. Die Lewend Gewende asem van God blaas oor en in ons harte in, en berei ons voor vir herlewing.

**Uitdaging:** Hoe behoort ons te reageer in nederigheid teenoor 'n Heilige God? Wat van jou? - Is jy gereed om 'n aanraking van God se Heilige opwekking in jou lewe te ontvang? Die enigste manier is om nederig en berouvol vergifnis te vra vir jou sondes. Jy mag dalk sê en dink dat jy nie gesondig het nie en dat jy in 'n goeie stand is voor God. Vriende, 1 Johannes 1: 8 vertel vir ons dat:

As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie ons nie.

### **Gebed:**

Heilige God, help my om ander lewens aan te raak met ware nederigheid wat U alleenlik plesier.



## Dag 5 - Krag in Vervolging [Matthéüs 5:10]

Matthéüs 5: 10

Salig is die wat vervolgd word terwille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Corrie Ten Boom, 'n Hollandse vrou wat die Jode help ontsnap het gedurende die Tweede Wêreld Oorlog, was ook gearristeer en vervolgd deur die Duitse Nazis. Sy was 'n Holocaust oorlewende. Haar geloof was so sterk in God en sy beskryf dit op hierdie manier:

Geloof is soos 'n radar wat regdeur digte mis kan sien  
- die realiteit van dinge in die verte wat die menslike oog nie kan sien nie.

Ons weet dan vervolging 'n werklikheid is gedurende ons leeftyd. 'N sekere regering in Asië wat vyandig gesind is teenoor Christus, vervolgd hul eie mense deur hul kinders te keer om 'n Christelike privaat skool by te woon. Kruise word afgehaal van kerk torings by talle kerke. Christine in 'n Afrika land word gemartel, ontvoer en vermoor. Christen vroue word geforseer om hul geloof in Christus af te lê vir 'n god wat nie die Liefde van God tentoonstel nie.

Ons kan verseker wees daarvan dat almal wat vir Christus vervolgd word, sal die Koninkryk van God erf. Die koninklike teenwoordigheid van God sal 'n vreugde wees om te aanskou.

Wanneer ons bid vir die vervolgdes, laat ons bid dat hul geloof sal vermeerder en hul harte sal aanhoudend gevul sal word met danksegging en vreugde want; God is altyd teenwoordig gedurende hulle lyding.

As jy fisies of emotioneel, geestelik of sosiaal vervolgd word vir jou stand in Christus, onthou en weet dat jy nie alleen is nie. Volhard in danksegging aan God, want Hy is naby jou, altyd langs jou. Christus sien jou pyn en Hy ween saam met jou. Wees sterk en volhard in jou stand vir Christus in Sy krag.



**Uitdaging:** Welke redes is daar in jou lewe of die lewe van jou volk, om vervolging te ruil vir God se beloftes beide in jou lewe of die lewe van jou volk?

**Gebed:**

Mag God beskerming, vrede en vreugde gee aan elkeen wat vervolg word ter wille van Christus. Mag God ons ook leer om te bid vir die vervolgendes reg rondom die wêreld volgens Sy Wil. In alles, mag die Naam van die Here Jesus Christus verheerlik word. Amen.



## Dag 6 - Herders soekend na God se Hart [Jeremia 3:15]

Ek het al na talle nasies gereis. Soms op 'n Sondag, mag ek dalk nie die prediker wees nie. Gedurende daardie tye, luister ek altyd versigtig na die prediker van die dag. Met tye, het ek letterlik gesidder want die Naam van Christus of Sy Saligheid wat Hy aan ons offer, word glad nie genoem nie. Somtyds word die Heilige Gees ook glad nie genoem nie, selfs nie eers in die afsluitings gebede nie!

Hier is 'n wonderlike belofte van God aan die gelooflose kinders in Jeremia 3: 15

En Ek sal aan julle gee herders na My hart, wat julle sal oppas met kennis en verstand.

God herhinner ons daaraan dat as Hy ons as leiers in 'n posisie geplaas het, hetsy in 'n familie, kerk, organisasies of nasies, het Hy ons geroep as herders vir die mense wie Hy aan ons toevertrou het; daarom dat ons die verantwoordelikheid moet hê om die Woord van God te bestudeer, verstaan en uit oefen.

God se hart is vir die nasies; dis die rede waarom Hy Sy enig gebore Seun, Jesus Christus as Plaasvervanger gegee om te sterf aan die kruis. God se hart en bereidwilligheid om hierdie Saligheids offer te gegee het, ontbloot Sy diep liefde vir die mense in hierdie wêreld. God vergewe ons en Hy het groot planne om ons voorspoedig te maak.

Ons besef dat al is ons geloofloos soos die Israelite. God bly steed getrou; getrou genoeg om genadevol te wees.

**Uitdaging:** Welke veranderinge mag jy dalk moet aanbring as 'n man of 'n vrou wat soekend is na God se hart?

### **Gebed:**

Vergewe my, O Grote God vir die tye wanneer ek nie U weg van Liefde gevolg het nie. Ek smag na 'n Herders hart van diensdaarheid. Ek het U wysheid oor my nodig wanneer ek aan U voete sit om U kennis en begrip te ontvang. Daagliks, begeer ek om nederig te leef en eerlik, om U mense te lei na gelykvormigheid in die ewebeeld van Christus. Dankie vir U Heilige Gees se leierskap en leiding om alle goeie werke te kan doen.

Mag God verheerlik word deur my lewe in die Naam van Jesus Christus. Amen.



## Dag 7 - Behae in die Here Jesus Christus [Psalm 37: 3- 4]

Psalm 37: 3- 4

Vertrou op die Here, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid,  
en verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.

Ek onthou hoe ek my fooie moes betaal tydens die periode waarin ek my doktorale program voltooi het. Meeste van my fondse word bestee aan bedienings reise, ek het nie genoeg fondse gehad om 'n baie groot bedrag te kon betaal aan die einde van my finale jaar nie.

In my hart, ek het besluit om nie my toe huidige fondse te gebruik vir my studie fondse nie. Die bediening moes voortgaan soos God dit bestem het vir my. Daar was baie reise om te onderneem, oseane om te oorkruis vir die toerusting van pastore en kerk leiers.

Ek het saam met my beste vriendin gaan stap op die strand. Terwyl ons gesels het, het sy skielik gestop en vir my gesê dat God op haar hart gelê het om my studies te ondersteun. Twee dae later het ek ook 'n boodskap vanaf 'n ander dissipel in 'n ander land ontvang. Hulle ook; was op die hart gelê om 'n bydrae te maak vir my studie fooie.

Ek het dit wonderbaarlik gevind dat God in 7 dae so 'n groot bedrag vir my kon voorsien. En nog meer, ek glo dat God aan my eer betoon het omdat ek my behae, en vreugde gevind het in vertrou in wie Hy is. God is altyd goed en getrou. Ek is dankbaar om Syne genoem te word. Wat van jou?

Psalm 37: 3 vermaan ons om te VERTROU in die Here en om ons geloof om te skakel na aksies van goeie dinge doen. Almal van ons het die doel om getrou te bly in die areas waar Hy ons geplaas het. Ons sal God vertrou om ons te transformeer na die gelykenis van Christus, sodat Hy ons kan gebruik in die areas waar Hy ons geplaas het, en om deur Sy Heilige Gees te leer om goed te doen.



**Uitdaging:** Is daar sommige begeertes van jou hart wat jy voor God wil plaas vandag?

**Gebed:**

Dankie God, want U teenwoordigheid is my seën. Gee my genoegsame geloof om te glo dat U die begeertes van my hart aan my sal gee volgens U wil.

In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 8 - Wees Stil om God te Ken [Psalm 46:11]

Vandag se kort toewyding sal aanklank vind by die van julle wat intersessors is. Ek het 'n kort maar kragtige vers gevind in Psalm 46:11

Laat staan en weet dat Ek God is;  
Ek sal hoog wees onder die nasies,  
hoog op die aarde.

Ek is 'n intersessor vanaf 1994 nadat ek deur 'n kerk leier opgelei was as dissipel vir die eerste keer. Sedertien is dit normaal om voor sonopkoms wakker te word, en om 'n ontmoeting te hê met die Here Jesus Christus. In die stille ure van die vroeë oggend, kan ons stil wees en God leer ken.

Dit is 'n bo natuurlike oomblik om in Sy Teenwoordigheid te wees en om gevul te wees met Sy Vrede, Liefde en Vreugde. Ons maak kontak met God in daardie diepe oomblik van stil wees; so stil dat ons ons eie asemhaling kan hoor!

Wanneer ons Sy Stem hoor, spring ons gees met Vreugde en ons verheerlik Hom. Ons verheerlik Hom want Hy is naby; Sy Teenwoordigheid skyn in en deur ons. Ons reaksies mag dalk verskil - ons mag dalk huil, snik, ween, lag of saggies glimlag wanneer ons bewus raak van Sy Teenwoordigheid. Hierdie is bo natuurlike oomblikke saam met Jesus wat jy wil aangryp. Hierdie is kosbare oomblikke saam met die God wat ons lief het.

Eendag, terwyl ek saam met God oordenking gedoen het, het Hy my gelei om die te skryf:

*Oordenking oor God se genade - onverdiende guns gegee deur God.*

*Verdien die ewige dood, maar begunstig met ewige lewe, in Jesus, Seun van God, as jy besluit om te vertrou.*

*Nou skoon gewas en begunstigde, laat die Heilige Gees toe om jou leiding te wees.*

*Totaal en al in 'n plek van genade,*

*Tog, wat nou beleef word is net 'n klein voorsmaakie van dit wat voorlê.*

*Lê nou neer jou hele lewe, laat die Heilige Gees toe om jou leiding te wees.*





**Uitdaging:** Ondervind jy dit moeilik om voor God stil te raak en stil te wees? Welke verandering kan jy in jou daaglikse skedule aanbring sodat jy oomblikke van ewige waarde kan geniet saam met God?

**Gebed:**

Vergewe my, O God omdat ek nie tyd maak om saam met U deur te bring nie. Salf my ore om U Woord te hoor en stort 'n vars passie uit in my hart vir interessie. In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 9 - Geen Vrees! [2 Timótheüs 1:7]

2 Timótheüs 1: 7

Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, en liefde en selfbeheersing.

Mag ons vashou aan 2 Timótheüs 1:7 om ander en onself te bemoedig om ons geloof te beoefen in Christus. Menigte kere in die afgelope paar maande en oor die jare moes ek dit doen.

Een deel van die goeie nuus om 'n volgeling van ons Here Jesus Christus te wees, is dat ons nie vrees kan hê vir enige iets of enige iemand nie, behalwe vir ons God. Daar is so geweldige sterk vertrouwe wat gevind kan word in Christus. Ons moet hierdie waarheid glo deur geloof in Jesus Christus. Ek kan geen ander weg volg nie behalwe die weg van Christus. Ons ontvang en beoefen die krag, perfekte liefde en selfbeheersing deur die sterkte van God se Heilige Gees.

Laat ons glad nie eers probeer in ons eie krag nie want ons eie krag kan nooit vergelyk word met die krag wat God gee nie. Hierdie is 'n daaglikse keuse. Ons kan handel uit die liefde uit waarmee ons familiêr is, en die liefde kan dalk nie rein intenssies hê nie of ons kan deur God se liefde handel wat suiwer en rein is.

God se liefde kan ons help om selfbeheersing uit te oefen op menigte maniere - omrede ek jou lief het met God se liefde, kan ek selfbeheersing uitoefen deur die hulp van die Heilige Gees. Ek kan kies om NIE geniepsige woorde te spreek, of kies om NIE enige skade aan jou te doen nie.

Selfbeheersing is 'n kragtige geskenk en daarsonder kan jou hele lewe chaoties wees. Ons geloof in Christus plaas ons in 'n posisie om vir en in God vreesloos te wees. Ons vrees mag net wees vir God - en dit is 'n kombinasie van verwondering en eerbied. Ons sal NIKS vrees wat NIE uit GOD is nie.

**Uitdaging:** Welke vrese hou jou terug om saam met God in die lewe of bediening hoog te sweef?

### Gebed:

Ek plaas al my vrese (noem hul by die naam) by die kruis van die Here Jesus Christus. Ek begeer om net die vrees van God in my te hê. Stort U Gees van Krag, Liefde en Selfbeheersing van ons Here Jesus Christus uit oor my, my familie, en my nasie, O God. In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 10 - God is vir ons [Romeine 8: 31-32]

Hierdie is ontnugterende dae waarin ons gedurig die wêreld sien kreun in pyn op verskeie maniere.

Romeine 8: 31-32, die Apostel Paulus daag ons uit:

31. WAT sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

32. Hy wat selfs nie Sy eie Seun gespaar het nie, maar Hom vir ons almal orgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?"

Ek vind hierdie teks verse verskriklik bemagtigend en behoort ons so geseënd te maak om 'n volgeling van Christus te wees. Ons moet verstaan dat ons 'n God aanbid wat bo alle gode is. Daar is geeneen soos Hy nie!

Dit is waar. As God Sy enig gebore Seun; Jesus Christus van Nasaret kon spaar, sekerlik is Hy ook bereidwillig om Sy genade oor ons uit te stort en ons alles te gee volgens Sy Wil. Dit is net 'n klein voorsmakie van alles wat God in stoor het vir ons. Ja, ware Christen geloof weet en glo dat God altyd GOED is en altyd die Oorwinnaar.

God is ons Krag, ons Sterkte, en ons Sekerheid. God was en is vir ons sedert die Skepping. God was vir ons deur die Val van die mensdom. God volhou om vir ons te wees deur die generasies terwille van Sy Liefde vir ons.

Vriende, wanneer ons saam met God is, is ons aan die oorwinnings kant. Waarlik, ons is kampioene in en vir God. Maar kampioene het nodig om te volhard in sekere reëls en onderrig skedules sodat hulle konstant kan wees en om te eindig in oorwinning.



**Uitdaging:** Watse tasbare en ontasbare dinge is daar wat jy van God sou wou vra? Is jy voorbereid om die gawes van God te ontvang volgens die Wil van God en om alle ander dinge te laat vaar wat ons nie nodig het nie?

**Gebed:**

Help my om te kan onderskei hoe lief U my het, O Heer. Dankie dat U vir my elke goeie gawe uit die hemel gee. Help my deur U Heilige Gees om in waarheid en in regverdigheid te wandel, en om elke gawe en seëning getrou te gebruik tot die Glorie van U Naam. Voorsien my met stamina om te volhard in die onderig van kampioene vir Christus in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 11 - Die Here Heers [1 Kronieke 16:31]

Het jy buite gaan stap? Sien jy die mooiste kleure van die aarde? Ek hoop werklik dat julle jul oë kon laat fees op die mooi kleure van die blomme en ook op die besoeke van die kleurvolle voëls kon geniet. Dat ons almal 'n diep teug vars lug kon inasem en ons oë laat glimlag soos ons die skoonheid aanskou.

1 Kronieke 16:31 volhard in die oplig van ons gees soos ons lees:

Laat die hemele bly wees en die aarde juig, en laat hulle onder die volke sê: Die Here is Koning!

Stel jou voor dat al gaan dit ookal hoe moeilik met tye, wanneer ons opkyk na die hemele en die blou uitpansel sien en die grote skoonheid van God se kreatiewe en kunsinnige werk, plaas dit 'n glimlag op ons gesig.

Wanneer ons oral om ons kyk en ons sien die groen bome en bosse van Europa, die sanderige woestyn van die Midde Ooste, die blou waters van die Karibiese Oseaan, die hoë geboue vat bleik of hul uitreik na die son in Asieë stede of die klein huisie gemaak van modder en blare wat staan in die ooptes van Afrika, kan ons net verwondered staan voor die Almagtige God.

Alle nasies gaan erken dat Jesus Christus Here is wanneer die tyd daar is.

Tot dan, onthou altyd die Almagtige Kommandeer, Koning van alle konings oor die nasies is die Een God wie elke nasie geskep het.

Selfs terwyl die hele wêreld deur die baie krisisse swoeg, laat ons as volgelinge van die Here Jesus tyd neem om die rose te ruik en die voëls te hoor sing.

**Uitdaging:** Na hierdie kort oordenking, gaan en loop bietjie buite as dit nou nie te hard reën nie. Hef jou hande op na die hemele en Prys God. Asem die vars lug in. As dit reën waar jy is, geniet die skoonheid van die reën en onthou dat dit is hoe die Heilige Gees van God oor ons sal neer stort wanneer ons onself toewy in God se Genade.

### Gebed:

Mag ons nooit fokus verloor van die God wat heers nie! Mag ons harte gevul wees met vreugde en 'n gesig vol glimlaggies hê wanneer ons om ons rondkyk na die skoonheid van God se Skepping.

In die Naam van ons Here Jesus Christus, sê en sing ons Hallelujah!



## Dag 12 - Om God se Mense te wees [Jeremia 30:22]

Vandag se teks vers openbaar eenvoudig net hoe lief God ons het. Hierdie teksvers was oorspronklik gerig aan die Israelitte; God herhinner hul aan Sy Verbond om hul te seën, maar dit sal gedoen word deur die Verlosser Messias.

Ek wonder hoeveel van ons wat Christus volg, insluitende myself; kan regtig onthou hoeveel keer ons weg van God af beweeg het. Somtyds, selfs nadat ons gehoor gegee het aan die roep van Christus om Hom te ontvang en te volg asook gedoop is, volhou ons met ongeloof en twyfel en is ongehoorsaam aan Skriftuurlike waarheid. Dit is baie hartseer want God wil ons nooit ver van Hom af hê nie.

Tog, net soos God die Israelitte herhinner het, herhinner Hy ons ook vandag deur midde van hierdie teksvers in Jeremia 30:22

En julle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n God wees.

Weet julle dat ons 'n God aanbid wat persoonlik is, BAIE persoonlik? Hy het gesê "... My volk," en ons kan alleenlik God se mense of volk wees deur elkeen ons individuele geloof en vertroue in Jesus Christus te plaas.

Luister, niemand anders kan Jesus as Seun van God, Here en Redder aanvaar terwille van ons nie! Die besluit, is streng gesproke elkeen van ons se eie keuse. Die Helige Gees se versekering dat ons kinders van God is, kom wanneer ons ons geloof en vertroue in die Here Jesus Christus plaas. Ons weet dat God ons Abba Vader is.

So, al God se mense sal onself moet oorgee aan die Almagtige Persoonlike God. En as jy jousef nog nooit oorgegee het aan die Here Jesus Christus nie, die Jesus wat aan die kruis gesterf het en opgewek is, nadat hy vir drie dae begrawe was, is dit **nou** 'n goeie tyd.



**Uitdaging:** Wat beteken dit vir jou om 'n volk van God te wees?

**Gebed** (As jy nou vir die eerste keer 'n besluit gemaak het om Jesus te volg);

Hemelse Vader, dankie dat U Seun Jesus Christus aan die Kruis gesterf het vir my en dat Sy gestorte Bloed my skoon was van al my sondes.

Ek is werklik jammer oor al my verkeerde en sondige dade, en met geloof ontvang ek nou U vergifnis.

Ek verklaar dat Jesus Christus Heer en Redder van my lewe is.

Help my om 'n lewe na Jesus se beeld te leef in die krag van die Heilige Gees.

Dankie dat U my kind van God gemaak het en dat U vir my die geleentheid gee om U te leer ken en om U te kan dien. Tot U Glorie en in die Naam van Jesus Christus. Amen.



## Dag 13 - Roep die Skepper God aan [Jeremia 33:2-3]

Talle mense aanbid geskepte dinge - die eie ek, geld, werk, doelwitte/oorsake, super sterre, akteurs of selfs standbeelde.

Al hierdie genoemde “dinge” neem die plek van God in en is afgode. Afgode het die plek van fokus ingeneem in plaas van God as die Skepper en die fokus van ons aanbidding.

Waarom sal enige persoon geskepte dinge aanbid wanneer die deur wyd oop is om die Skepper God te aanbid? Voorwerpe is mindere dinge en ons moet nie tyd verspil om hierdie mindere dinge te verhef na 'n plek van God nie.

Wat my so hartseer maak is dat daar soveel volwassenes is wat geskep is deur God en tog betrokke is by die aborsie industrie.

Hierdie volwassenes wat lewe geskenk is, is effektief besig om moord te pleeg in die baarmoeder en soms buite die baarmoeder. Die industrie is aaklig en mens gemaak. Mihoene moet om vergifnis vra en hul bekeer van hierdie vreeslike sonde. Die doelwit/oorsaak van die aborsie industrie het 'n afgod geraak in die lewens van die miljoene ondersteuners. Hoe kan dit eers moontlik wees om deelagtig te wees in hierdie afgod-aanbidding?

Die Skepper God wat die aarde, die heelal en die sterrestelsel gevestig het, beskik oor die geheim van talle antwoorde op ons vrae. In werklikheid, Jeremia 33: 3 moedig ons aan om hierdie Skepper God aan te roep sodat Hy vir jou en my kan antwoord.

Jeremia 33: 2 -3 sê

2. So spreek die Here wat dit doen, die Here wat dit formeer om dit te bevestig, Here is Sy Naam:
3. Roep my aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.

Dit is 'n seën om te weet dat God die krag het om enige vrae wat ons mag hê kan beantwoord of enige gebed wat opgedra is te kan beantwoord volgens Sy Wil. Hy het die krag om ons te vergewe en om Sy Koningryk te bevestig hier op aarde. Hy het die krag om ons gedagtes, hart en siel te transvormeer, sodat ons meer kan lyk soos Jesus Christus. Ons is Sy kinders.





**Uitdaging:** Wat is jou vrae aan God? Roep Hom aan, Hy sal jou antwoord!

**Gebed:**

(Hierdie is persoonlik. Skryf jou eie gebed aan God met danksegging).



## Dag 14 - 'N Getroue God [Klaagliedere 3:22 -23]

Ons het glad nie nodig om verleë of skaam te voel wanneer andere wat nie God se liefde of krag ken nie, ons spot, kritiseer of selfs vervolg nie.

'N klompie jare gelede het ek bedien by 'n kerk in Indonesië. Daar was so ongeveer 400 gemeente lede. Gewoonlik, is daar 'n uitnodiging aan die einde van die diens vir die wat die roep na bekering wil gehoorsaam. Maar op hierdie dag wou die Here die uitnodiging gedurende die middel van diens plaas. Die oomblik toe ek gehoorsaam was aan God; het die hele kerk vir my gelag! Ek het baie verleë gevoel, maar God het my baie vinnig herhinder daaraan dat hul vir Hom lag! Egter, het daar 1 Indonesiese man op gestaan en vir die eerste keer hom bekeer tot Jesus Christus! Prys God.

Klaagliedere 3: 22 -23 sê

22deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie;  
 daar is geen einde aan sy ontferming nie,  
 23dit is elke môre nuut.  
 U trou is groot.

Elke oggend, ontwaak ons in God se liefde, nuwe genade en ontferming. Ons kan so ontwaak met sekerheid as gevolg van God se getrouheid aan ons; en nie ons getrouheid aan Hom nie. Sien, dit gaan nie oor ons nie, maar wel oor wie God is.

Ek kon aanvoel hoe lief God hierdie Indonesiese gemeente het, en het aangehou om daar te preek. God wou Sy genade weer aan hulle openbaar. En weer, het God my beveel om die diens te onderbreek, en 'n uitnodiging te rig aan die wat hul tot God wil bekeer.

Hierdie keer het ek die gemeente wel gesê dat ek die diens onderbreek omrede my gehoorsaamheid aan God. Weereens het die gemeente vir die uitnodiging gelag. Ek het hul gesê om hul laggery te stop en met erns te dink oor besigheid met God. Wel, omtrent 390 Indonesiese gemeente lede het op gestaan om sekerheid van hul redding in Christus te bevestig.

Inderdaad, God begeer om Sy genade daagliks aan ons te openbaar omrede Sy groot liefde. Die Woord sê; dat dit terwille van God se groot liefde is, dat ons nie vernietig word nie. Ja, ons sal nie vernietig word solank ons elke keer ons bekeer tot God nie.



**Uitdaging:** Maak tyd om God te prys vir Sy eienskappe: Hy is groot, getrou en genadig.

**Gebed:**

Seën my daaglik met U groot liefde en getrouheid, O God en help my om ook so te doen aan andere. In die Naam van Jesus Christus, Amen.



## Dag 15 - Jehovah Shalom oor Jerusalem [Psalms 122: 6 -9]

Een van ons gebeds punte vir my span by Faith Ablaze International Ministries is dat ons die Midde Ooste gebied in ons gebede hou, veral bid ons vir vrede in Jerusalem.

Psalm 122: 6 -9 verklaar

6. Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou lief het, rustig lewe!
7. Mag daar vrede wees in jou skanse, rus in jou paleise!
8. Ter wille van my broers en my vriende wil ek spreek: Vrede vir jou!
9. Ter wille van die huis van die Here onse God wil ek die goeie vir jou soek.

Ons glo God se Woord maar soms kan ons Sy Woord mis verstaan as gevolg van ons bevooroordelings of om ons eie gerieflikhede te pas. Al het die Psalmdigter hierdie Psalm eeue terug geskryf, bly hierdie opdrag om vir Jerusalem se vrede te bid geldig tot en met die hede.

As ons 'n klein bietjie navorsing doen, kan ons duidelik die onrustigheid sien in die Midde Ooste en veral in Jerusalem. Die vrede in Jerusalem is in 'n interkonneksie met die beskerming en eenheid wat geoffer word in die Naam van Jesus Christus. Die Hebreërse konsep van Vrede(Shalom) se betekenis is heelheid, volledigheid, gesonde verstand, gesondheid, veiligheid en voorspoedigheid dra saam met dit die implikasie van permanensie.

Dit is 'n goeie en verantwoordelike aksie om as 'n gelowige in Jesus Christus te bid vir die mense sodat hulle Jehovah Shalom, die God van Vrede kan ondervind.

**Uitdaging:** Wat is daar wat jou dalk kan weerhou om die opdrag te gehoorsaam , om te bid vir vrede van Jerusalem?

### **Gebed:**

Jehovah Shalom, dankie dat U vrede oor Jerusalem is. Mag al die leiers van die Midde Ooste gebied U genade ondervind en geniet in die Naam van Jesus Christus. Amen.



## Dag 16 - Om Christus te dien [Kolossense 3: 23 -24]

Ek dink aan die van julle wat geseënd is met 'n werk en ook aan julle wat dalk 'n stryd het om ordentlike werk te kry. Sommige van jul werk dalk benede jou ondervinding of opleidings kwalifikasies. Dit is baie vernederend. Ander van jul is weer werkgewers en besigheids eienaars in jul eie reg. Moeders, versorgers en selfs studente is ook werkers.

Was jy al uitgedaag om 'n negatiewe of skadelike ding by jou werk te doen? Iets wat jy in elk geval gedoen het omdat jou werkgewer dit van jou verwag het en verwag het dat jy daaraan voldoen. Wel sulke dinge bring geen eer aan God nie.

Eenkeer terwyl ek in die buiteland gewerk het, het een van ons kliente op 'n baie kreatiewe wyse van my gevra om hulle firma 'n enorme korting op 'n projek te gee, dit sou byna 'n. Natuurlik, het ek geweier en die maatskappy het toe hul betaling aan ons vertraag.

Ek is 'n gelowige in Jesus Christus, en veral as ons Christus dien, moet ons Kolossense 3: 23 -24 na aan ons harte hou:

23. "En wat julle ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,
24. "omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus.

Wel, die betaling aan ons maatskappy vir die projek was so vertraag dat ek moes uitvlieg na my klient se kantoor toe om betaling aan ons te gaan verseker. Ek het baie daarvoor gebid en God gevra om vir my die deur te open na die President se kantoor van hierdie buitelandse maatskappy.

God het my gebede beantwoord. Ek het in die President van die maatskappy se kantoor gesit en vir hom gesê dat ek nie die land sou verlaat nie voordat sy maatskappy nie die balans betaal het nie, terwyl ek 'n kalm glimlag op my gesig kon hê.



Ek het gevoel dat ek nodig gehad het om uitstekende werk te verrig en ek het begeer dat daardie hele proses tot 'n testimonie tot eer van God moes wees. Wel, om 'n lang storie kort te knip; Ek het na 'n halwe dag se gewag uit hul kantoor uit gestap met 'n tjek in my hand. Dit was 'n halwe dag gespandeer aan die deklarasie dat God sou getrou wees sodat ander Sy glorie in my lewe kon sien. Dit was die wag werd.

**Uitdaging:** Watse inpak het jy op jou werk's omgewing met Godsvresende diens.

**Gebod:**

Leer my om U wysheid te geniet in besluit making, die vrede van Christus vir 'n rustige hart en die Heilige Gees se onderskeiding om verby die wêreld te kyk by my werk's omgewing. Help my deur U Heilige Gees om 'n menings volle inpak te hê tot U glorie in Jesus Naam. Amen



## Dag 17 - Die Here is my Herder [Psalm 23: 1]

Vir die volgende paar dae gaan ons die mees bekendste en die mees geliefste Psalm waardeer. Psalm 23 is een van die eerste Psalm wat ek op skool as 'n klein dogtertjie geleer het. Dit is net 'n kort ses vers-Psalm, maar dit is so kragtig en betekenisvol. Die Psalmdigter maak hierdie verklaring:

1. Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek.

Dit het my 'n baie lang tyd geneem om die vers in diepte te verstaan. Op skool het ons dit op gesê van uit ons geheue. Ek het hierdie vers eers baie beter begin verstaan nadat ek my werk opgegee het en begin studeer het by die Singapore Bible College. God het ten alle tye vir my voorsien en Hy het my beslis op my knieë gehou in gebed.

God het my nooit in die steek gelaat nie, nie eers een keer nie. As 'n internasionale bediening, het hierdie kennis vir my nog meer verdiep. Jy sien, God voorsien deur Sy geliefdes en tans voorsien God nie net vir my nie, maar ook vir telke ander pastore, leiers, en families in nood. Die Goeie Herder voorsien vir ons almal op 'n manier wat ons geloof verdiep in Hom.

Die Here Jesus Christus is die Herder, die Goeie Herder en die Deernisvolle Een. Hy is altyd op die uitkyk vir Sy Velore Skape. Hy is my Herder en so ook joune. Die Goeie Herder sal enige storm trotseer net om by daardie een verlore skaap uit te kom. Die Goeie Herder sal sorg en vir jou en my beskerm.

Die psalmdigter weet dat ons Here in sy behoeftes sal voorsien. Wanneer hy verklaar "Ek sal nie ontbreek nie" - sê hy in werklikheid dat daar aan **NIKS** sal ontbreek nie. Die Goeie Herder is ons Jehovah Jireh, ons Voorsiener.

Soms kort ons liefde, genade, vergifnis, vreugde, vrede, geduld, wysheid, beskerming, leiding, vertroue, sekuriteit en betekenisvolheid. Die goeie nuus is dat daar GEEN GEBREK is nie! Dit kan gevind word in die Goeie Herder.

En as daar iets is wat die belangrikste in ons lewe is, dan moet ons nie aan verlossing ontbreek nie. Ons ewigheid moet by die Goeie Herder wees, die Here Jesus Christus wat ons elke dag van ons lewe vryelik red.



**Uitdaging:** My vriend, waaraan ontbreek jy in jou lewe?

**Gebed:**

Maak my oë oop vir die goedheid van die Here Jesus Christus wat Sy lewe gegee het as 'n losprys vir baie sodat baie gered sal word.

In die Naam van die Here Jesus Christus, Amen.





## Dag 18 - Die Here is my Leier [Psalm 23:2]

Elke dag hoor ons van allerhande soorte chaos en rampe onder die nasies. Trouens, onstuimigheid of steurings kan voor die deur van ons hart of voor ons huis wees. Sommige nasies is polities onstabiel; die veiligheid van die mense hang in die weegskaal. Ekonomiese en mediese krisisse het toegeneem. Daar is baie mense met vrese vir die onbekende. Hulle harte is vol angs en hulle gedagtes is gevul met vrae. En as dit jy is, sal jy belangstel in vrede en 'n gevoel van veiligheid? Wat van diepe versekerde rus?

In Psalm 23: 2 waardeer die Psalmdigter dat die Goeie Herder in staat is om hom daardie gevoel van vrede te gee. Luister na wat hy sê:

Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

Die Here lei ons na 'n plek van herstel; Hy dwing ons nie. Die keuse om Hom te laat lei, behoort altyd aan ons. Wanneer Hy ons na 'n beter plek lei - die plek van herstel vanuit 'n droë plek in ons lewe waar alles dalk dood, vervelig en doelloos gelyk het. En die Here lei ons na "stille waters", nie na 'n woedende rivier nie. Hier is 'n plek van stilte, 'n plek om na te dink oor God se liefde, om vars lug in te asem terwyl ons God se teenwoordigheid en waarhede kan inneem.

**Uitdaging:** Wat kan jou verhinder om die Here Jesus Christus van Nasaret toe te laat om jou te lei na die stil plek wat in Hom verborge is sodat jy Sy vrede kan vind?

### Gebod:

Liewe God, gee my die vrede wat ek nodig het en die wysheid om die regte besluite te neem in moeilike situasies. Ek kies om in die Here Jesus in te leun en Sy Hande styf vas te hou. Ek sal Hom volg na die "stille waters" vir verkwikking vir my siel. In die Naam van die Here Jesus Christus, Amen.



## Dag 19 - Die Here is my Hersteller [Psalm 23: 3]

Die Here lei ons na “stille waters” en na ‘n plek van rus. Dit word ons plek van hertel. Slegs stukkende of beskadigde goed word herstel - byvoorbeeld ‘n ou motor met swak remme, ‘n geskeurde sofa, ‘n beskadigde kombuisvloer; Tyd word dus spandeer om die stukkende of beskadigde goed so goed soos nuut te laat lyk deur onderdele te verander, ‘n nuwe kleur te verf of hul voorkoms te moderniseer.

Wanneer ons teen God staan deur ons ongehoorsaamheid, is dit onvermydelik dat ons nie daardie diep vrede in ons siel kan vind nie. Dit is desperaat dat ons herstel word tot die regte en godsvresende denke, gesindheid en optredes.

Psalm 23:3 sê:

Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid,  
om Sy Naam ontwil.

Wel, ware bekering, is om weg te beweeg van goddelose gedagtes, gesindheid of optredes, dit is die eerste stap na herstel. Die Woord van God en die Bloed wat aan die kruis gestort is deur die Here Jesus Christus ons reiniging. Ons is ook met God versoen. Dit is die weg na geregtigheid (om reg te wees met God).

Psalm 23: 3 gee vir ons ‘n leidraad oor wie die mag het om te herstel en in paaie van geregtigheid te lei. Ja dit is die Goeie Herder, die Here Jesus Christus wat ons op die paaie van geregtigheid lei. Soos ons toelaat dat hierdie herstel en leiding plaasvind, bring dit eer aan ons Here Jesus Christus.

**Uitdaging:** Wat beteken dit vir jou om in hierdie plek van eer, herstel en geregtigheid te wees wat deur God aangebied word?

**Gebed:**

Here Jesus Christus, lei my deur U Heilige Gees om op die smal pad van geregtigheid te loop. Word verheerlik in my lewe terwyl ek U alleen eer en aanbid.  
Amen



## Dag 20 - Die Here is met my [Psalm 23: 4]

Wanneer ek Psalm 23: 4 gelees het:

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,  
sal ek geen onheil vrees nie; want U is met my:  
U stok en U staf dié vertroos my.

Ek word herinner aan een van my beste vriende. Sy is vanjaar oorlede nadat sy 'n goeie stryd geveg het. Kanker het geen oorwinning oor haar gehad nie. Tog het die reis deur hierdie verskriklike terminale siekte haar in die vroeë stadiums geskud. Vrae, twyfel en hopeloosheid is uitdagings wat baie terminaal siek mense in die gesig staar.

Die mooi ding is dat my vriendin bo daardie uitdagings kon uitstyg en haarself daaraan kon herinder dat al loop sy deur die vallei van die doodskaduwee, sy nie bang was vir die bose nie, want die Here Jesus Christus was met haar tydens haar moeilike reis. Tydens die moeilike reis het haar prioriteite duideliker geword. Haar uit kyk en insig oor verskeie sake het ten goede verander en haar krag in Christus het helder geskyn vir almal om te sien.

God was haar vernaamste Trooster en nou geniet sy steeds die rustige vrede van haar Verlosser wat dit in die Hemele voorsien het.

Ek is mal oor die frase "jy is by my" wat sentraal in vers 4 van Psalm 23 geplaas is. Die teenwoordigheid van Jesus is genoeg vir elkeen van ons om GEEN kwaad te vrees nie, om te erken dat ons onder Sy oppergesag, leiding en beskerming is. Watter troos om persoonlik te weet dat Jesus, die Goeie Herder saam met diegene stap wat Hom desperaat nodig het! Hy is die einste Genade van God wat aan ons gegee is.



**Uitdaging:** Gaan jy deur 'n uiters moeilike, “hopelose” tyd in jou lewe met aangehegte vrees? Sou jy jou wend tot die Een wat in staat is om jou te versterk en elke vrees wat jy mag hê te verwyder? Sy Naam is Jesus, Seun van God en Volmaakte Verlosser.

**Gebed:**

Hemelse Vader, dankie dat ek geen kwaad of die dood hoef te vrees nie, want in die Here Jesus Christus kan ek my vertrou en krag hê om elke uitdaging te oorkom met die geloof wat U in my gedeponeer het. Help my en my geliefdes om in oorwinning te wandel want Jesus het reeds die prys betaal. Stort U genade oor ons uit sodat ons steeds 'n seën is al stap ons deur die dal van doodskaduwee . Tot U eer en in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 21 - Die Here is my Voorsiener [Psalm 23:5]

Ek weet nie of ek enige vyande het nie, maar deesdae kan vyande enige iemand wees wat Christene haat. Deur die aantal vervolgte Christene regoor die wêreld, is ek seker dat ons met sekerheid kan aflei dat ons mense kan hê wat nie vriende van Christus is nie en wat graag wil sien dat die volgelinge van Christus oneer en in skande gebring word.

Volgens “Open Doors”, ‘n Christelike gemeenskap wat vervolgte Christene regoor die wêreld bystaan en ondersteun, is minstens 245 miljoen Christene tussen November 2017 en Oktober 2018 vervolgt. Ek kan net dink dat hierdie getal dalk aan die toeneem is in die huidige jaarverslag.

Psalm 23:5 is ‘n bemoedigende teks vers vir alle gelowiges in die Here Jesus Christus. Die vers stel dit so:

U berei die tafel voor my aangesig teenoor my tēestanders;  
 U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

Die Goeie Herder is in staat om oorfloedig te voorsien. In die teenwoordigheid van ons vyande is die Here Jesus Christus in staat om ons die nodige voorsiening, beskerming en guns te gee. Wanneer vyande van plan is om ons seer te maak, skande of skade aan te rig, tree die Here in en maak dit vir ons moontlik om sterk te bly, in Sy genade en eer.

In die verlede was ‘n mens se kop veral tydens feesvieringe met olie gesalf en dit is die olie van vreugde wat die Here op ons hoof uitgiet wanneer ons in die teenwoordigheid van ons vyande is.

Gedurende tye van vervolging of konfrontasie wat die potensiaal het om ons in ‘n staat van skaamte toe te sluit, herinner Psalm 23: 5 ons daaraan dat ons as gelowiges van Christus nooit in skaamte sal wees nie. Ons moet vertrou dat God ons sal eer in die teenwoordigheid van ons vyande.

Dit is hoekom, ongeag hoe moeilik ons situasies mag wees, ons ‘n hart van aanbidding, danksegging en lof moet hê. Ons sal aanhou om in God se vreugde te bly en Hom te vertrou.



Wanneer ons gedagtes, gesindhede en optrede in God se suiwer waarhede gedompel is, sal ons geen vrees hê nie. Trouens, baie ander sal begin beseef hoe lief God ons het en hoe Hy vir ons voorsien, ons beskerm en eer in oorvloed. Ons beker loop oor! Halleluja!

**Uitdaging:** In watter areas van jou lewe moet daar 'n verandering plaasvind sodat jy vryer kan wees om die beskerming, krag en vreugde van die Here te omhels?

**Gebed:** (Skryf jou eie gebed).



## Dag 22 - Ewigheid saam met God [Psalm 23:6]

Die vertoue van 'n persoon wat in Christus glo, kan nie maklik beskryf word. Die Psalmdigter het sigbaar so 'n vertoue gehad, veral nadat hy die Here as sy Herder, Voorsiener en Beskermer leer ken het in die vorige verse van die 23ste Psalm. In ons innerlike wese weet ons dat God ons geen skade sal aandoen nie. Hy is altyd goed. En ons weet ook met ons hele wese dat God groot ontferming teenoor ons het, en demonstreer Sy Genade aan ons herhaaldelik.

Die Psalmdigter sluit die Psalm 23 af met:

6. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;  
en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

Hoeveel tweede kanse het God al reeds aan ons gegee? Beskou hierdie kanse as God se Genade. Hoeveel keer het Hy ons geseën? Ons moet ons seën reken as deel van God se Genade. En wanneer God, Sy Liefde en Goedheid aan ons bewys, herken ons God se Goedheid.

God openbaar Sy Goedheid deur die sorg en ontferming wat Hy aan ons bewys. So toon God Sy Genade deur Sy onvoorwaardelike Liefde. Selfs wanneer ons ontrou is, bly God getrou. Deur die donker en diep dale van ons verskeie lewensituasies, kan ons met sekerheid vertrou en glo dat God se Goedheid en Genade altyd met ons sal wees en ons sal volg, nie net tot ons laaste asem teug nie, maar tot in ewigheid.

God word ons ewige tuiste. Ons sekerheid van die ewigheid is in Christus, die Herder-Koning. Ons sekuriteit in die vleeswording van God se Goedheid en Barmhartigheid, laat elke ware gelowige toe om saam te kom, saam in intieme Eenheid.

Die Heilige Gees in ons het geen ander keuse as om op te staan en stem te gee, en uit te roep; "Halleluja! en Amen!"



**Uitdaging:** Hoe het God Sy Goedheid en Barmhartigheid aan jou bewys gedurende die laaste drie dae?

**Gebed:**

God se Goedheid en Genade sal my en almal vir wie ek liefhet sekerlik al die dae van lewe volg. Ek sal sekerlik vir ewig in die huis van die Here woon, in die Naam van die Here Jesus Christus. Mag ek altyd spoedig wees in die erkening en danksegging aan God vir Sy Goedheid en Genade.

In die Naam van Jesus Christus. Amen.





## Dag 23 - Die Wêreld behoort aan 'n Soewereine God [Psalm 24: 1-2]

Skrywer: Rachel Chindu (Indië)

Ons natuurlike lewens beweeg vorentoe op so 'n manier dat ons dikwels optree asof ons die eienaars is en in besit is van die titelaktes van ons lewens. Psalm 24: 1-2 herinner ons sterk daaraan dat niks om ons aan ons behoort nie. Die eienaarskap behoort aan die Almagtige God. So dan, wie s'n is ons en wat het ons as ons eie?

Psalm 24: 1-2 verklaar:

1. IN PSALM van Dawid. Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;
2. "want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.

Dink aan die klein wêreld waarin ons leef. Ons is net opsigters of rentmeesters, van wat eintlik net vir 'n kort tydperk aan ons toevertrou is. Hierdie Psalm verklaar nie net dat die aarde en die volheid aan Hom behoort nie, maar ook almal wat daarin woon.

So as ons sou wou dink dat ons in beheer en in kontrole is van ons lewens; bevestig God hier dat Hy alleen is die Hoogste Owerheid, Soewereine God en Koning van die aarde. Ons lewens behoort dus aan Hom. Ouers of ander volwassenes mag byvoorbeeld dink dat hul 'n sekere mate van mag en beheer uitoefen oor hul familie, en veral oor hul kinders. Ons is egter bloot die versorgers van ons kinders.

Ons kinders behoort ten volle aan God.

Alhoewel ons tot 'n mate erken dat hulle aan God behoort, gee ons werklik die eienaarskap van ons kinders in God se hande oor?

Dit is wanneer ons proklameer dat Jesus, Here en Verlosser van ons lewens is dat ons God nooi om absolute beheer van ons lewens te neem. Dit is tyd om God beter te leer ken en om op Sy beloftes te vertrou. Laat Jees ons Here wees in alle sferes van ons lewens en laat Hom die nommer een prioriteit wees.



**Uitdaging:** Hoe moet ons reageer op God wat Soewerein en Deernisvol is?

**Gebed:**

Help my O'God om deur U oë te kan sien. Here Jesus, U is my fondament, en ek kies om my lewe uit te leef as 'n getroue rentmeester. Ek wil elke oomblik gebruik om U O'Grote God te bedank, want U het my werklik geseën met U Soewereine Goedheid en Genade. In die Heilige Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 24 - 'N Suksesvolle Toewyding aan die Here [Spreuke 16:3]

Skrywer: Rachel Chindu (Indië)

Deur die reis van ons lewe, neem ons talle besluite as deel van ons vordering en groei. Soms lewer ons besluite en idees nie die resultate wat ons verlang het nie. As jy enigsins soos ek is, sal jy waarskynlik begeer dat al jou planne goeie en suksesvolle resultate lewer.

“N jaar en half gelede, het ek en my man besluit om in geloof voorentoe te tree om 'n huis te koop sonder die voldoende finansiële ondersteuning. Dit was 'n baie moeilike besluit aangesien my man die enigste broodwinner was terwyl ek ons gesin versorg het.

Die Bybel openbaar dat die enigste manier om sukses te verseker, is om al ons denke, woorde en dade toevertrou en toewy aan die Here, want Hy alleen is die bron van Kennis en Krag.

Spreuke 16: 3 verklaar:

Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word.

God gee Sy woord dat Hy ons planne voorspoedig sal maak deur Christus wat ons krag gee. Wat 'n wonderlike, getroue Vader en Leidsman het ons! God is altyd teenwoordig en na aan ons. God verlang dat ons; Sy kinders, Hom in al ons handel en wandel moet ken.

Ons het gevoel dat God ons lei om met die ons besluit voort te gaan. Ons het geen idee gehad hoe ons dit sou kon doen nie, want ons het geen fondse gehad om die huis te kon koop nie. Ons het volkome op God vertrou om vir ons te voorsien. In refleksie het ons net lof en dank aan ons Getroue God wat ons op 'n wonderbare en wonderlike manier gelei het. Hierdie voorsiening van 'n nuwe huis wag vir ons.

Gehoorsaamheid bring groot seëninge. Wanneer ons God gehoorsaam deur al ons weë aan Sy sorg, liefde en voorsiening toe te vertrou, sal Hy in Sy getroue seën ons vestig in Sy Goedheid.

Sodra Hy ons gevestig het in Sy Goedheid, ten spyte van enige moeilike omstandighede, sal ons glad nie geskud word nie en ons sal floreer in alles wat Hy ons voorgehou het. Dit is my gebed dat God altyd ons besluitnemer sal wees.



**Uitdaging:** Wat is 'n paar aspekte van jou lewe wat jy moet toewy of weer aan die Here toevertrou?

**Gebed:**

Hemelse Vader, ek erken U soewereiniteit en wysheid in my lewe. Aktifeer en versterk my deur die krag van die Heilige Gees om die planne van my lewe aan U oor te dra. Help my om U te vertrou in elke voorsiening en gee my vrede wanneer ek al my planne aan U toevertrou. Ek begeer om altyd U sukses en eer te soek. In die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 25 - Hoop in Christus bring Werk in Geloof en Liefde voort [1 Tessalonisense 1:3]

Skrywer: Rachel Chindu (Indië)

'N paar jaar gelede gedurende die Kersseisoen, het God my aangespoor om Sy Liefde met my bure, vanuit my vorige geloof in my geboorte nasie te deel. Ek het aanvanklik gedink om 'n paar Kerslekkernye by die supermark te koop en dit dan te versprei met 'n Kersgroet. God se Liefde het my egter bemoedig om vir die eerste keer self vanaf my huis te bak.

Ek kon die Boodskap van Sy Liefde met my tuisgemaakte lekkernye met vyf gesinne deel.

God herinner ons deur die Apostel Paulus in 1 Tessalonisense 1: 3:

... en onophoudelik in gedagte hou die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op ons Here Jesus Christus, voor onse God en Vader.

Ons word deur Jesus geroep en beveel om die sout en lig van die wêreld te wees sodat ons goeie daade sal skyn en almal ons Hemelse Vader sal loof. Ons poog altyd om God te Eer, anders sal al ons werke vrugteloos en selfsoekend wees.

Ons getroue werk en liefdesdade moet gebou wees op die hoop van ons Here Jesus Christus. Ons is gemotiveer om geduldig te volhard in die lewende en blywende hoop wat ons in die Here Jesus Christus het.

Meeste van ons het 'n 'groot begin' met geloof en vertrouwe in God, maar eindig swak deur op ons eie vermoë staat te maak om ons werke uit te voer. Ons is geneig om ons hoop wat ons in Christus Jesus het, uit die oog te verloor wanneer ons onderdrukkings in die gesig staar.

Ons mag dalk getrou wees in ons werke, maar as ons werke nie deur die Liefde van God gemotiveer is nie, sal die uiteinde van ons werke net vir die eie self wees.



Afrikaanse Oordenkings

**Uitdaging:** Hoe kan jy verseker dat jou diens aan God spesiaal en uniek is? Wat is daar in jou wat ander na Christus aantrek?

**Gebed:**

Mag God ons harte vul met Sy Liefde. Vader, help ons asseblief deur die krag van U Heilige Gees om ten volle toegewy te wees aan U diens. Mag vele ander U sonder ophou ook Prys en Eer bring. In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 26 - Geen Vrees, net Geloof [Markus 5: 36]

Het jy al God vertrou en geglo vir enigiets? Veral vir genesings wonderwerke? Ek onthou die tyd toe ek 'n geswelde enkel gehad het, en dit was net 'n paar dae voordat ek moes vertrek na 'n ander land. Dit was so seer dat ek nie eers my huishoudelike take kon doen nie. Om die waarheid te sê, wou ek die Genesingsbedienings by my kerk 'n mis gee omdat ek so seer gehad het. Maar God het op my hart gelê dat ek eerstens 'n taxi kon neem en tweedens my vriend kon vra om vir my te bid. Ek het God gehoorsaam.

Die Here Jesus het in Markus 5:36 vir die owerste van die sinagoge gesê:

“Moenie vrees nie, glo net.”

Jesus het met 'n Pa gepraat wie se dogter dood was. Stel jou die verbasing voor toe Jesus vir hom gesê het om nie te vrees nie, maar om net te glo. Die Pa moes daar 'n besluit neem of hy sou glo in wie Jesus verteenwoordig het; en glo dat Jesus in staat is om te genees (of dan uit die dood uit so wek). Na alles, Jesus het die Vader in die Hemel verteenwoordig.

Die aardse vader het nie gewankel in sy vertrou dat Jesus kan genees nie; Hy het Jesus na sy huis genooi. En hier, sê Jesus vir die skare dat die meisie net slaap. Jesus het die klein meisie beveel om op te staan. En sy het.

Ek was beslis deur God uitgedaag om te glo dat ek met 'n geswelde enkel na die kerk kon gaan. Toe ek die kerk binne kom, het ek een van my vriende gesien en in haar oor gefluister dat ek 'n genesings gebed nodig het voordat ons met die genesingsbediening vir die ander mense sou begin. Hulle het my verseker dat hulle na die aanbiddingsessie vir my sou bid.

Wel, ons het begin met lofprijsing, en terwyl ek een van die liedjies sing, het ek 'n fluistering van die Here Jesus gehoor en Hy het gesê: Ek maak jou nou gesond! My antwoord was: Ja, Here! Ek glo en ek ontvang die genesing nou op hierdie oomblik. Die pyn en die swelling was onmiddelik weg net daar gedurende die aanbiddingsessie.



My vriende het nie meer nodig gehad om vir my genesing te bid nie. Halleluja! Ek het God se krag van genesing in my eie lyf gesien.

**Uitdaging:** As vrees jou terughou van die geloof in God se goddelikke genesing, stop en bekeer jou. Sal jy jou vrese weggooi en eenvoudig net glo in die Here Jesus Christus en vertrou dat al sien jy nie die genesing onmiddelik nie, kan jy die Een wat Genees vertrou om jou vreude te bring te midde van jou lyding?

**Gebed:**

Ek begeer om die Teenwoordigheid en Goddelike genesing van die Here Jesus Christus op my liggaam, siel en gees vandag te ervaar. Dankie Here dat U elke pyn wat ek voel verwyder het. Dankie dat U my weer heel gemaak het. In die Naam van Jesus Christus. Amen





## Dag 27 - Jesus die Lewende Water [Johannes 7: 38]

Die Heilige Gees van God is die Een wat ons lei in ons daaglikse wandel saam met Christus. Ek het in 2019 'n land besoek wat 'n baie klein persentasie Christene in hul Godsdienstige samestelling gehad het. My Christen vriendin het my op die lughawe kom ontvang.

Met ons ontmoeting het sy my meegedeel dat 'n jong dame nou net flou geval het, en leweloos voorkom. My eerste reaksie was; Kan ek vir haar bid? Ek het glad nie omgee dat daar mense van twee ander geloofsgroepe en polisiemanne om ons was nie. My vriendin het gesê dat dit aanvaarbaar behoort te wees.

Wel, ek het my hande op daardie jong dame van 'n ander geloofsgroep gelê, en vir God se lewensgewende Gees gevra om oor en in haar in te stroom in die Almagtige Naam van Jesus Christus. Ek was self verbaas oor my vrymoedigheid, maar ek het gewet dat die Heilige Gees in my is, wat my toegelaat het om met soveel gesag en krag lewe oor haar verklaar het.

Johannes 7: 38 verklaar:

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Jesus is die Bron van Lewe. Lewende Water word sterk geassosieer met die teenwoordigheid van God. God is die Bron van die Lewende Water. In die Boek van Openbaring vloei die Rivier van Lewe uit die Troon van God.

As gelowiges wandel ons in pas met die Heilige Gees van God, en moet ons altyd paraat wees op die leiding en bestuuring waarin die Heilige Gees ons lei. Daardie dag op die lughawe, nadat ek God gevra het om lewe in hierdie jong dame te blaas en "Amen" gesê het; het haar oë dadelik oop gegaan. Sy het 'n diep asem teug geneem, en al haar familie om ons was verlig.

My onmiddelijke reaksie was om vir die Here Jesus Christus 'n baie harde "Dankie Jesus" te bied. God het 'n wonderwerk bewerkstellig in die aangesig van baie voorgelowiges. My gebed is dat hulle werklik die Lewende God sal leer ken.



Vriende, as ons werklik in die Here Jesus Christus glo, is die versekering deur die Here Jesus self verklaar; dat uit ons harte sal daar Lewende Water vloei. God se teewoordigheid sal ander diep aanraak op 'n Lewendgewende manier.

**Uitdaging:** Hoe kan jy jouself (prakties) voorberei om die Heilige Gees toe te laat om jou te lei en stuur om die lewe en ander lief te hê?

**Gebed:**

Elke goeie gawe uit die Hemele daarbo behoort aan die Hemelse Vader, Seun van God en die Heilige Gees. Ek ontvang die Dinamiese Lewe wat vir my bedoel is in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 28 - God se Koningryk Eerste [Matthéüs 6:33]

In 2019 het 'n vriendin my besoek in Mexico. Ons het die tyd baie geniet om saam die stede te verken, om goeie kos te eet en die Woord van God saam te bestudeer.

Op 'n oggend in Desember het ek vir haar gesê dat ek 'n vakansie na Acapulco in April 2020 wil beplan en onderneem. Jy sien, my denke was, dat dit goed so wees om na 3 maande se intense bediening in 6 verskei lande, 'n rus kans te neem. Bediening is baie belangrik vir my, maar nooit ten koste van gehoorsaamheid aan God nie, en ook nie om reg te wees met Hom in elke aspek van my lewe nie.

Jesus sê in Matthéüs 6:33;

Maar soek eers die koningryk van God en Sy geregtigheid,  
en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Om God se koninkryk te soek beteken eenvoudig dat een van die verpligtinge wat ek het, ten spyte van 'n besige bediening, is om te rus ook. Rus is vir my belangrik want dit behaag God. Dit is 'n tyd in waarin ek geen notas vir lesse voorberei nie en ook nie video's met die evangelie boodskap fasiliteer of skep nie. Vir my, is dit deel daarvan om in gehoorsaamheid aan God te wees.

Maar watter dinge word vir my bygevoeg wanneer ek in gehoorsaamheid staan voor God? Die verse om Matthéüs 6: 33 vertel vir ons dat ons nie bekommerd of angstig hoef te wees nie. Ons het wel 'n God wat vir ons sal voorsien omdat Hy vir ons sorg.

Die wêreld sukkel sedert Januarie 2020 met die pandemie en ek hoop dat daar GEEN pandemie meer is teen die tyd wat jy hierdie oordenking lees nie. Ek sou dit nooit maak na Alcapulco toe nie! Maar in plaas daarvan het God die harte van my huiseienaars oortuig om my uit te nooi saam met hulle vir die laaste naweek van 2019 na Alcapulco.

Dit was ongelooflik, want dit het saamgeval met my verjaarsdag. Ek het regtig gevoel dat God vir my 'n wonderlike verjaarsdag geskenk gegee het wat ek ten volle geniet het.



God gee werklik om vir al ons begeertes en behoeftes; hoe klein of groot ookal. In plaas van 'n kort vakansie te neem na my gejaagde bedienings uitryking, het God vir my gereël om 'n kort naweekvakansie voor my bedienings uitryking te neem.

**Uitdaging:** Vriende, waarom is jy dalk angstig? Kies vandag om al jou angstige oomblikke en situasies aan die voete neer te lê van die Here Jesus Christus, wat gekruisig is vir ons. Rig jou oë op die Here Jesus Christus en leef die Koningskryk lewe wat vir jou bestem is.

**Gebed:**

Hemelse Vader, dankie dat U oë altyd is op diegene, vir wie U lief is. Ons kan U vertrou as ons Jehovah Jireh (God ons Voorsiener), Jehovah Rapha (God ons Geneesheer) en Jehovah Nissi (God ons Toevlugting). En soveel meer. Help ons deur U Heilige Gees om in elke oomblik, elke dag 'n Koningskryk lewe te leef. In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 29 - Leun op Jesus [Matthéüs 6:34]

In die vorige oordenking, wat ek geskryf het, het ek jou aangemoedig om oor niks bekommerd of angstig te wees nie en om jou angstige oomblikke aan die voete van die Here Jesus Christus te plaas.

Ek was vroeër 'n persoon wat bekommerd was oor my vordering, finansiële status en gesindheid in die lewe. Maar oor die jare hee, het die Here Jesus Christus my geleer dat Hy in staat is om vir my te sorg.

Ons bediening is afhanklik daarvan dat God mense se harte aanraak en oortuig vir die voorsiening van bedieningsfondse. Ek was grootliks beïnvloed deur 'n Sendeling na China; Hudson Taylor, wat die "China Inland Mission (CIM)" gestig het, wat nou bekend staan as "Overseas Missionary Fellowship (OMF)".

Die sendingveld is 'n moeilike plek vir enige sendeling. Hudson Taylor was ook nie vrygestel van swaarkry nie. Op 'n keer het hy net 1 Britse Pond gehad en op 'n ander keer het hy en sy span net een sak rys gehad. Wat het hulle gedoen?

Jesus het in Matthéüs 6:34 gesê:

Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

Wel, Hudson Taylor en sy span het nie gesoek na materiële dinge nie, maar na die volbringing van God se planne in China. Terwyl hulle in gebed gekniel het om te bid, het God vir hulle op 'n groot manier gehoor en geantwoord.

Hierdie sendeling in China gedurende die laat 19<sup>de</sup> eeu het hierdie kragtige woorde verklaar, wat ek nog steeds na aan my hart hou:

"God se werk wat volgens God se weë gedoen word, sal nooit ontbreek aan God se voorsiening nie."

**Uitdaging:** Welke bekommernisse of angstigheid hou jou hart en gedagtes besig vandag? Plaas hulle by die Een se voete wat jou hande vashou!

### Gebod:

Dankie, Hemelse Vader dat U al ons behoeftes voorsien en ons op 'n kragtige wyse seën, en ook dat ek die voorreg het om Danksegging, Lof, Eer en Verheerliking aan U alleen te bring. In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 30 - Wie kom voor Jou [Kolossense 1:17]

Ek is in 1994 onder my kerkleier, Dr Raymond Teo se dissipelskap opgelei. Ek onthou dat ek sy uitnodiging om die dissipelskapklas by te woon probeer ontduik het. Ek het toe al reeds gewerk en selfs vir God uitgedaag om my werks reis, te verander na Indonesië as Hy wou hê dat ek by die dissipelskapklas moes aansluit. Hoe dwaas van my om God uit te daag!! Die volgende dag by die werk, het my werkgever van New Zealand my mee gedeel dat ek my werks reis moes uitstel.

Ek het toe geweet dat ek die dissipelskap klas moes bywoon. My eerste dag by die klas was so bevredigend. Ek het besef dat ek eintlik so honger was om alles te leer wat ek moontlik kon leer oor God, Sy Koningryk en my verantwoordelikheid as 'n Christen. Dr. Theo het al sy studente uitgedaag om oor 'n lewens vers te bid. Die teksvers sou een wees wat ons voel God vir ons gee, en hierdie waarheid sou ons gids wees in alles wat ons in die Koningryk van God gaan wees en doen.

Ek het gebid. Ek het gewag. En God het vir my Kolossense 1: 17 uitgewys:  
En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

Die teksvers handel oor die Here Jesus se Oppergesag. Hy was selfs voor tyd, dit is Hy, Hy is die Ewige. Hy is Ewig nog voor Hy die skepping tot stand gebring het. En in Christus kom alles tot voltooiing; alles is verenig in Christus.

Soos ek deur die nasies reis om pastore, en leiers in dissipelskap op te lei, in verskillende kerke en denominasies te preek en by konferensies te praat, word ek op 'n baie persoonlike manier aan die teksvers herhinner.

Eerstens, word ek daaraan herhinner dat die Here Jesus verhoog moet word en nie ek nie.

Tweedens, word ek daaraan herhinner dat ek my boodskappe, vreugde, krag, genade, vrede en liefde van die Here Jesus af moet verkry; Ek is immers 'n ambassadeur van Christus.

Derdens, word ek daaraan herhinner dat ek 'n draer is van die eenheid wat die Here Jesus vir Sy dissipels begeer het.

Vierdens, word ek bewus gemaak daarvan dat deur die Here Jesus, my bediening van versoening opnuut gebore word met elke nuwe opdrag.



Afrikaanse Oordenkings

Vyfdens, omdat die Here Jesus se Oppergesag Ewig is, moet ek altyd spoedig wees om al die Eer, Prys en Lof aan die Here te kanaliseer.

Liewe vriende, vandag wil ek julle bemoedig, net soos my kerkleier my bemoedig het.

**Uitdaging:** As jy nog nie so 'n lewensvers het nie, sal jy bid en God vra vir een teksvers wat vir jou 'n boeiende gids in jou lewe wees?

**Gebed:**

Dankie Here Jesus, dat U voor alle dinge is, en dat alles in U saam gehou word. In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.



## Dag 31 - Die is ons God [Psalm 48:15]

Eerstens, wil ek jou uit my hart bedank. Ons span is geseënd om jou op 'n klein manier te kon bedien.

Die reis van “**Onbeskaamd om aan U te behoort!**”, het nie 'n paar maande gelede begin nie, maar eintlik 'n hele klompie jare terug. Ek het geweet dat ek God moes gehoorsaam en 'n klompie oordenkings te skryf, maar ek was uiters besig met bedieningsake. Om byna elke maand te reis kan nogals gejaagd wees, al geniet ek dit. Ek spandeer ook baie tyd in gebed in gebed en in voorbereiding voor bedieningsopdragte.

Toe die nasies deur die koronavirus geraak is, moes die meeste van ons tuis bly en reis was skielik nie raadsaam nie. Ek het oor 'n tydperk van twee maande aan die oordenkings begin werk.

Teen hierdie tyd het God ons ook voorsien met vertalers uit Indonisië, Malabaars (Malayalam), Spaanse, Tamil en Afrikaans-sprekende agtergronde. Hierdie soort spanpoging sou twee jaar gelede nie moontlik gewees het. In God se tyd is alles mooi, en Hy sal ons altyd lei.

Psalm 48:15 is 'n gepaste afsluiting van ons reis in die besef dat ons wat volgeling is van Christus nie nodig het om skaam te wees vir ons onwrikbare geloof nie, ons opofferende liefde, vrygewigheid, aansteeklike vreugde en genade gegee deur God.

Psalm 48:15 sê;

“dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd;  
Hy sal ons lei tot die dood toe.”





God, die Vader, Heilige Gees en Seun, sal altyd getrou wees om ons Sy Geliefde te lei; solank ons geestelike ore ingestel bly om die stem van die Goeie Herder te hoor. God lei ons deur Sy Heilige Gees, wat ons aanspoor om aandagtig te luister na Sy leiding, sodat ons spoedig in moedigheid gehoorsaam kan wees.

**Uitdaging:** Sal jy by hierdie laaste oordenking bid vir ons, dat ons getroue dienaars sal wees wat altyd gereed sal wees om gehoorsaam te wees en om eer aan God te bring?

**Gebed:**

Graag wil ek die Aäroniese seën oor jou bid-

Die Here seën jou en bewaar jou; Laat die Here Sy aangesig oor en jou skyn, en jou genadig wees; Die Here verhef Sy aangesig oor jou en gee jou vrede.

In die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.